Gevaarlike bestuurders kan voertuie kwyt wees

Dronk bestuurders en spoedvrate wat hulle herhaaldelik aan padmisdrywe skuldig maak, moet veral in dié feestyd geen genade van die verkeersowerhede verwag nie.

Volgens adv. Johan Jonck, 'n regsgeleerde van Bloemfontein wat die webwerf www.arrivealive.co.za vir die veldtog "Kom Veilig Aan" ontwerp het, sal die owerhede beslag lê op dié oortreders se voertuie. Dié optrede is 'n gesamentlike projek van Kom Veilig Aan en die batebeslagleggingseenheid. Vir dié doel het die twee organisasies reeds 'n lys van gewoonte-oortreders opgestel wat in die volgende paar maande fyn dopgehou sal word.

"As 'n motoris herhaaldelik oortree, boet hy die reg op die gebruik en genot van 'n voertuig in. Daarom word op sy voertuig beslag gelê. Hoewel sy voertuig van hom weggeneem word, kan die oortreder steeds aanspreeklik gehou word vir die afbetaling van paaiemente. Op dié manier word die regte beskerm van die oorspronklike eienaar, wat onder meer 'n motorverskaffer kan wees," sê Jonck.

Op die webwerf word benadruk dat beslaglegging sal verseker dat die gevaarlikste motoriste hul voertuie verloor. As mense weet hulle kan hul motors weens slegte padgedrag verloor, sal hulle hul gedrag verbeter, sê me. Wrenelle Stander, direkteur-generaal van vervoer, op www.arrivealive.co.za.

"Padmisdaad neem erge afmetings aan en kos jaarliks meer as 12 000 lewens en 48 000 ernstige beserings. Dit plaas 'n groot las op die ekonomie en veroorsaak onmeetlike pyn en lyding."

Daarom, sê sy, moet drastiese maatreëls ingestel word wat sal verseker dat die onskuldiges nie onder die gevaarlike padgedrag van 'n paar motoriste deurloop nie.

Hoewel daar in dié stadium op die voertuie van herhaalde oortreders beslag gelê word, waarsku Jonck ander motoriste moet ook maar lig loop.

Bestuur onder die invloed van drank is net nie die smart en trane werd nie, benadruk hy.

"Die vraag wat mense hulle moet afvra, is nie hoeveel hulle mag drink voordat hulle bestuur nie, maar hoeveel hulle mag drink voordat hul vermoë om te bestuur, aangetas word."

En die antwoord hierop, sê Jonck, is: "Niks!"

Verkeersmanne met kameras . . . dit is maar deel van die groot poging om motoriste op die paaie te dwing om die verkeersreëls te eerbiedig en om die paaie veiliger te maak vir almal wat dit gebruik.
Foto: JOYRENE KRAMER